

Sing vooraf: Psalm 34:6 (p. 167)

- 6 Kom kinders, hoor na my! / Die HEER se vrees wil ek jul leer.
Wie is 't wat lewensduur begeer / en dae wat hom verbly?
Laat tong en lippe vra / na waarheid, en ontwyk die kwaad;
soek wat God wil: die regte daad, / en jaag die vrede na.

Ons hulp is in die Naam van die Here wat die hemel en die aarde geskape het.
Geliefdes, genade en vrede vir u van God ons Vader en die Here Jesus Christus deur die kragtige werking van God die Heilige Gees.

Amen.

Lofpsalm 36:2 (p. 179)

- 2 U goedheid, HEER, is hemelhoog; / u waarheid tot die wolkeboog; / u reg sal nooit begewe,
maar staan soos berge, vas van voet; / u oordeel is 'n diepe vloed; / U sorg vir al wat lewe.
Hoe kost'lik is u guns, o God! / Hoe vlug die mensekinders tot / u vleuels vir beskerming!
Hul smaak die vette van u huis; / U laaf hul uit 'n stroom wat bruis / uit dieptes van ontferming.

Gebed

- **Doksologie:**
- **Aanbidding:**
- **Skuldbelydenis:**
- **Vergifnis:**
- **Dank:**
- **Smeking vir die nood van die gemeente en voorbidding vir die kerk, owerhede en sondige wêreld, asook die beroep op die beloftes van God:**
- **Algemene bede:**
- **Verligting van die Gees ter wille van die Woorddiens:**

Amen.

Skrifberyming 1-1:2 (24:2)

- 2 Hy het deur eie wil bewoë, / dat niks ons ooit weer sou vervreem,
om Christus wil, uit mededoë, / ons as sy kinders aangeneem;
dat ons, by guns so vry gegewe, / in hart en wandel onbevlek,
sou leef voor Hom, in liefde lewe, / wat lewe^oin dooie harte wek.

Skriflesing: Johannes 20

Teks: Johannes 20:28

En Thomas antwoord en sê vir Hom: My Here en my God!
(Johannes 20:28 AFR1953)

Ons lees nie dat Tomas wel sy vingers in die gate in die Here se hande en sy gaan steek het nie. Dit was nie meer nodig dat hy dit moes doen nie!

- Ons lees wel dat die Here Jesus vir hom sê:
Omdat jy My gesien het, Thomas, het jy geglo; salig is die wat nie gesien het nie en tog geglo het. (Johannes 20:29 AFR1953)
- Ons lees ook dat hy onmiddellik 'n belydenis gedoen het: **My Here en my God!**

Die ander apostels het die blydschap van die Here se opstanding van die oomblik van die verskyning van die Here af in hulle gehad.

- Net hierdie een wat nie met die eerste verskyning daar was nie, Thomas, het nie die blydschap gehad nie.
- Op sterkte van die ander se getuienis wou hy die Here se almag ook nie bely nie.

Wanneer die Here aan Hom verskyn, verander alles in hom! Hy bely: **My Here en my God!**

- Dit was 'n baie kragtige belydenis, al het dit oor die lippe gekom van iemand wat agternageloop het in die geloof.
- Geeneen van die ander apostels het die Here Jesus al so bely nie!

Die Israëliete het wel op Karmel bely dat die HERE God is, maar dit is 'n belydenis van die feit dat die HERE God is.

- Die persoonlike belydenis daarin het ontbreek – daarom het die volk en Agab ook nie tot bekering gekom nie.

Daarop het die vuur van die HERE neergeval en die brandoffer en die hout en die klippe en die stof verteer, ja, die water wat in die sloot was, opgelek. En toe die hele volk dit sien, het hulle op hul aangesig geval en gesê: Die HERE, Hy is God, die HERE, Hy is God!
(1 Konings 18:38-39 AFR1953)

Die belangriker ding is hoe Tomas tot op die punt gekom het waar hy hierdie belydenis kon doen.

- Die antwoord is dat die Here Jesus Hom opgesoek het. So lyk sy genade!
- Tomas word uitgenooi om die wonde te kom ondersoek om seker te maak wie dit is wat met hom praat.
- Hierdie genade lei Tomas om die Here Jesus as sy Here en sy God te bely.

Hierdie belydenis was nie so enig van aard dat net Tomas dit gedoen het nie.

- Dit word op 'n vaste basis deur elke gemeente wat waarlik in die Here Jesus glo, herhaal.
- Ons bely die Here Jesus elke Sondag as eniggebore Seun van God wat vir ons gesterf het deur al die angste van die hel tot in die dood toe te ly.
- Hierdie belydenis wat ons so gereeld doen, is nie net gegrond op Tomas se besef dat die Here Jesus sy Here en sy God is nie. Dit berus op meer getuienis wat deur die apostels aan ons oorgelewer is.

Waarom is dit vir ons belangrik om die Here Jesus as ons God en Here te bely?

- Omdat in die werk en persoon van die Here Jesus ons totale heil en verlossing opgesluit is.
- Die Emmausgangers het gesê dat hulle hoop op Jesus gevestig was.

En ons het gehoop dat dit Hy was wat Israel sou verlos; maar nou is dit vandag, met dit alles, die derde dag vandat dit plaasgevind het.
(Lukas 24:21 AFR1953)

Die waarheid is dat iemand wat nie in die Here Jesus glo nie, geen hoop in die lewe of in die lewe na die dood het nie.

- Hulle gaan in ewige wanhoop wegsink – nie net omdat hulle geen hoop het nie, maar ook omdat hulle van hulle hoop afstand doen as hulle Jesus nie as Here en God bely nie.

Ons belydenis rus nie net in wie die Here Jesus is nie – dit rus ook in wat Hy van ons gemaak het.

- Sy dood het ons regverdig gemaak voor God.
- Ons het dus die lewende hoop dat ons vrypraak gaan kry wanneer ons in die gerig voor God verskyn.
- Ons bely Hom as ons Here en God omdat Hy met sy almal die duiwel se mag en gesag oor ons vernietig het.

Ons bely dus die feit dat Hy Here en God is, en dat Hy ons kinders van God gemaak het. Dit lees ons 'n paar plekke in die Bybel, onder andere in Efesiërs 1:5:

. . . deurdad Hy ons voorbeskik het om ons as sy kinders vir Homself aan te neem deur Jesus Christus, na die welbehae van sy wil, . . . (Efesiërs 1:5 AFR1953)

En ook in Romeine 8:

Want almal wat deur die Gees van God gelei word, dié is kinders van God. Want julle het nie ontvang 'n gees van slawerny om weer te vrees nie, maar julle het ontvang die Gees van aanneming tot kinders, deur wie ons roep: Abba, Vader! Die Gees self getuig saam met ons gees dat ons kinders van God is; en as ons kinders is, dan ook erfgename, erfgename van God en mede erfgename van Christus, as ons naamlik saam met Hom ly, sodat ons ook saam met Hom verheerlik kan word. (Romeine 8:14-17 AFR1953)

Dieselfde word geskryf aan die kerke wat in Galasië was:

. . . om die wat onder die wet was, los te koop, sodat ons die aanneming tot kinders kan ontvang. En omdat julle kinders is, het God die Gees van sy Seun in julle harte uitgestuur, en Hy roep: Abba, Vader! (Galasiërs 4:5-6 AFR1953)

Kom ons kyk saam na wat ons belydenis hiervan leer in die Heidelbergse Kategismus Sondag 13:

Vraag 33: Waarom word Christus die eniggebore Seun van God genoem terwyl ons tog ook kinders van God is?

Antwoord: Omdat alleen Christus die ewige natuurlike Seun van God is (a), terwyl ons om sy ontwil uit genade tot kinders van God aangeneem is (b).

(a) Joh 1:14; Heb 1:1, 2; Joh 3:16; 1 Joh 4:9; Rom. 8:32. (b) Rom 8:16; Joh 1:12; Gal 4:6; Ef 1:5, 6.

Vraag 34: Waarom noem jy Hom ons Here?

Antwoord: Omdat Hy ons na liggaam en siel van die sondes en uit alle heerskappy van die duiwel nie met goud of silwer nie maar met sy kosbare bloed tot sy eiendom verlos en vrygekoop het (a).

(a) 1 Pet 1:18, 19; 2:9; 1 Kor 6:20; 1 Tim 2:6; Joh 20:28.

Amen.

Slotgebed

Skrifberyming 2-4:1 (33:1)

1 Wat 'n liefde en volheidslewe, / waar ons bly ons in beroem,
het die Vader ons gegewe / dat Hy ons sy kinders noem!
Maar die wêreld weet van dié / wat uit God gebore is, nie,
het die kennis van die Heer nie / as hul hoogste goed begeer nie.

Die genade van die Here Jesus Christus en die liefde van God en die gemeenskap van die Heilige Gees bly by u almal.

Amen.

Dr MJ du Plessis
Gereformeerde Kerk Bellville
Datum: 26 April 2009